**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

# MOONTLIKE ANTWOORDE OKT / NOV 2006

AFDELING A

## VRAAG 1

***Windows* – Antjie Krog**

1.1 Die ma (1)

1.2 1.2.1 Figuurlik (1)
1.2.2 Dui op skuldgevoelens (wat die ma ervaar) (1)

1.3 Die wind (1)

1.4 Dit dui die ma se trots / bewondering/liefde vir haar seun aan. (1)

1.5 Die ma skenk nie genoeg aandag aan haar seun nie / haar gedagtes dwaal / sy ignoreer hom (1)

1.6 ? Rekenaarprogram (1)

1.7 Om gedigte te skryf (1)

1.8 In r.1 hang die aarde; in r.18 lê die aarde (1)

1.9 Dit beeld die seun se lang bene / lompheid uit. (1)
**[10]**

## VRAAG 2

***Vryheid* – Joan Swart**

§ In strofe 1 word vryheid beskryf as goudgeel strale.
In strofe 2 word vryheid beskryf as ? ongebonde kwagga.
In strofe 3 word vryheid beskryf as aanhuppelende branders.

§ Personifikasie:
In strofe 1 **lig** die son sy kop skugter / strale wat ... gly
In strofe 2 **wuif** die veld sy…grasarms vrolik en sê /
In strofe 3 **glimlag** die kranse… en verkondig / branders wat lui klots

- § Leestekengebruik:
  Slegs twee leestekens kom voor:
  (1) die dubbelpunt in elke strofe. Na die dubbelpunt volg ? verduideliking wat elkeen oor vryheid te sê het.
  (2) Die punt. Die punt aan die einde van die gedig dui die finaliteit van die mens se siening van vryheid.

- § Die drie kort versreëls verstadig die tempo sodat elke woord uitgehef / beklemtoon word.

- § Kyk na kandidate se eie insigte oor vryheid, en hul sinvolle motiverings.
  Die algemene nasienrubriek word gebruik vir assessering. **[10]**

## VRAAG 3

***Met ? bossie bergblomme*** **– Breyten Breytenbach**

3.1 Sy ontvang blomme (1)

3.2 blomme / nederige (1)

3.3 reuk (1)

3.4 Betrek die sprokiesagtige / dui die grootte van die blomme aan/ die soort blomme (1)

3.5 Dis ? verjaardag (1)

3.6 met verjaardagkerse / vlam / vuur wat brand (1)

3.7 Dui op onbeperkte vryheid (1)

3.8 Die belangrikheid van die geliefde word beklemtoon (1)

3.9 ? Verduideliking van die Franse frase volg na die dubbelpunt (1)

3.10 3.10.1 Dit dui op vermeerdering (van blomme / betekenis) (1)

3.10.2 vuriger / dieper (1)

3.11 k-klank (1)

3.12 terg (1)

3.13 3.13.1 Om alles in ? nuwe lig te sien (1)

3.13.2 Hy stel dit kreatief om in taal. (1)
**[15]**

## VRAAG 4

***Hippie* – W. Stockenström**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | kelk | (1) |
| 4.2 | miskien / of | (1) |
| 4.3 | na binne luisterend / gemoeid met reis om homself/ plantaardig | (1) |
| 4.4 | ? pap handsak oor sy fraiingskouer | (1) |
| 4.5 | Dis werkwoorde wat sy handeling/beweging/situasie suggereer | (1) |
| 4.6 | Wil beklemtoon dat die hippie misgekyk word … houtoë kan nie sien nie | (1) |
| 4.7 | Sien nie die kind nie /<br>Hulle slaap | (1) |
| 4.8 | Dis waarskynlik die plek waar hy grootgeword het /<br>Dit dui op sy armoedige en treurige kinderlewe /<br>Dis sy skerpste herinnering | (1) |
| 4.9 | S-klank | (1) |
| 4.10 | Huise se kombuise/die rand van ? stoep/? pap handsak | (1) |
| 4.11 | Hy moet die tyd inhaal wat hom vergeet het. | (1) |
| 4.12 | Hy verkondig nie die evangelie nie, maar die hippie-leefwyse | (2) |
| 4.13 | Motivering bepaal die punt.<br>Nee: Dis ? ware refleksie van hul lewe / Hy word met empatie / deernis geteken / …<br>Ja: Dis veralgemenings | (2)<br>**[15]** |

## VRAAG 5

***Ballade vir die onwaarskynlike seun* – Antjie Krog**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | 5.1.1 Herhalings / refrein | (1) |
| | 5.1.2 as ek eendag ? seun het (r.1, 8, 15)<br>sal ek hom ronsard noem (r.2, 9, 16) | (1) |
| 5.2 | "as" | (1) |
| 5.3. | Elegie vir my toekomstige vrou / Dalk ook van die ander gedigte | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 5.4 | tipografiese inkeping (Kan ook verskynsel omskryf.) | (1) |
| 5.5 | Redes word verskaf (waarom sy haar kind ronsard sal noem) | (1) |
| 5.6 | alleen<br>wagtend<br>Dui op spreker se eensaamheid/verlange | (1)<br>(1)<br>(1) |
| 5.7 | “hande wat my gesig omskulp” | (1) |
| 5.8 | Ronsard is fisies teenwoordig / Sy is gelukkig<br>Die spreekster is alleen / Sy is eensaam | (1)<br>(1) |
| 5.9 | Bruin gebrand / blonde baard / breë rug | (1) |
| 5.10 | Dit is romanties en skep ? soort illusie van ? figuur wat byna ? Griekse god is. / Ronsard was ’n Franse minnedigter | (2)<br>**[15]** |

## VRAAG 6

***Die Here het gaskommel* – Adam Small**

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Wes-Kaap | (1) |
| 6.2 | ? Mooi jong meisie | (1) |
| 6.3 | 6.3.1 Beklemtoon die spreker se genot / plesier /…<br>6.3.2 Die uitroepteken | (1)<br>(1) |
| 6.4 | 6.4.1 vi’<br>6.4.2 Illustreer die spreektaal van die Wes-Kapenaars | (1)<br>(1) |
| 6.5 | Dat die spreker nie omgee nie | (1) |
| 6.6 | sigaret / rookgoed<br>Oem Tas /drank<br>? mooi vrou | (1)<br>(1)<br>(1) |
| 6.7 | herhalings | (1) |
| 6.8 | 6.8.1 “kan nie” (r.4) word “moenie” (r.20)<br>6.8.2 Dit suggereer dat daar wel bekommernis by die spreker is | (1)<br>(1) |
| 6.9 | Motivering bepaal punte. Kyk na insig bv.<br>Ja: God straf /….<br>Nee: God is nie onregverdig nie /… | <br><br>(2)<br>**[15]** |

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

AFDELING B
**DRAMA**

**VRAAG 7**
**KONTEKSTUEEL**

***Die keiser* – Bartho Smit**

7.1 Die ministers / kabinet (1)

7.2 "dag" (1)

7.3 Hy verwys na die beskikbaarheid van goud, maar ook die korrupsie as gevolg daarvan (1)

7.4 Die Keiser val Kultuur in die rede /
Kultuur word onderbreek deur die Keiser (1)

7.5 Die Keiser is in die duister oor baie landsake (1)

7.6 Verbasing / skok / twyfel / onsekerheid (1)

7.7 Verskaf aan die Keiser inligting / die Keiser se **ore**
Vertel aan die Keiser wat die ministers van hom te sê het / Bring die waarheid i.v.m. die ministers se leuens na vore. (1)

7.8 Die ministers verryk hulself /
Die ministers gee aan die Keiser valse verslae /
Die Keiser is nie direk betrokke nie (1)

7.9 Lei die Keiser se aandag weg van hul wandade /
Streel die Keiser se ego (1)

7.10 Die rede word in r.26 verskaf waarom die ministers inligting van die Keiser weerhou: hulle wil hom nie belas met onbenullighede nie (2)

7.11 Ja: dis leuens. Die Keiser het in vyftig jaar niks gedoen om die volk van armoede te bevry nie.
Nee: dis nie leuens nie: hy het programme daargestel om die volk van armoede te bevry. (2)

7.12 7.12.1 woede (1)
7.12.2 aksentteken / dubbel-leestekengebruik (vraag- en uitroepteken) (1)

7.13 7.13.1 respek (1)
7.13.2 a) Seurtjie (1)
b) u Ydele (1)
7.13.3 bespotting / verkleinering / dui op sy voorliefde vir vertoon (1)

7.14 Dit dui op ? bevel van die Keiser (1)

7.15 Hy gee om vir die Nar / hou van die Nar / hy beskerm die Nar (1)

7.16 Hy is bekommerd dat die Nar hom kan vasvra /
Hy is bekommerd hy word uitgevang (1)

7.17 Maarskalk (en die ander minister) bedrieg die Keiser ook eintlik. (1)

7.18 leuens / klere / sien (2)

7.19 nadenkend (1)

7.20 onsekerheid oor die klere
onsekerheid / onrus oor vertroue in sy kabinet
onsekerheid oor leuens en waarheid (2)

7.21 Motivering bepaal punt. Kyk na insig
Ja: die Nar is getrou / praat die waarheid / is lojaal
Nee: hy moes sy probleme / vrese / onsekerheid met haar gedeel het /
Sy ís sy vrou. (2)
**[30]**

## VRAAG 8
## PARAGRAAFTIPE VRAAG

***Die keiser* – Bartho Smit**

**LW**: Onderstaande dien slegs as riglyne:

8.1
- **Kultuur** is die taak opgelê om toe te sien dat die Keiser se beskawingsprogram deurgevoer word in belang van die volk,
- maar hy bestee die geld wat daarvoor begroot is vir die aankoop van luukshede vir die halfeeufees en rapporteer aan die Keiser dat die program volgens plan verloop.

- **Maarskalk** is verantwoordelik vir die veiligheid op die landsgrense, en om toe te sien dat enige opstand onder die volk beheer word.
- Hy sien dat sy magte nie die bedreiging van die Groen Tier kan beheer nie, maar rapporteer aan die Keiser dat hy die veiligheidsituasie onder beheer het, en dat alles goed gaan in die land.
- Ook hy wanbestee staatsgeld.

- **Diplomaat** gee voor dat hy Ekwator en die Keiser se beeld in die buiteland bevorder, dog
- hy is negatief ingestel ten opsigte van die Keiser se kleredragvoorskrifte, maar hy laat niks daarvan teenoor die Keiser blyk nie.
- Diplomaat is ook ? verraaier wat die rebelle ondersteun in hulle poging tot ? staatsgreep.
- Hy is dislojaal aan die Keiser en is onbetroubaar.

- **Die Wewer** mislei die Keiser met ? geslepe plan om beheer oor die regering te kry.
- Hy gee voor dat hulle ? kostuum kan weef wat onsigbaar is vir die bedrieërs en die onbekwame mense.
- Hy wil ? bespotting maak van die Keiser en hom tot ? val bring.

- **Die Keiserin** mislei die Keiser deur haar te skaar by die "sieners" van die wonderkostuum.

- **Die kamerheer** mislei die Keiser deur hom telkens te help om sy denkbeeldige baadjie / kostuum aan te trek.
- Hy beduie dit vir Wag wat op sy knieë neerval; en hy word deur Diplomaat gevolg. Die Keiser glo dus dat Diplomaat wel die stralekrans om die wonderbaadjie sien en vra hom om te help om die ander te ontmasker.

- **Die Keiser** het ? onrealistiese ideaal dat sy volk opgehef en gevoed en geklee sal word soos almal in sy paleis.
- Dié opdrag gee hy aan sy ministers, maar hy kontroleer nooit of dit uitgevoer word nie.
- Kyk ook na ander insigte.

**(20)**

8.2
- Die volk in Ekwator leef in armoede, ly honger, loop in vodde en verruil hul klere vir kos.
  Die rebelle gebruik hierdie situasie in hul poging om die landsregering oor te neem.

- Maarskalk – Minister van Verdediging – het die taak om die gesag van die Keiser in stand te hou, maar hy ondervind probleme met die rebelle – onder leiding van Groen Tier wat Ekwator deur middel van ? staatsgreep wil oorneem.

- Dis veral Kultuur en Maarskalk wat hul skuldig maak aan verkwisting van staatsgeld: Kultuur se wanbesteding van geld aan die feesvieringprogram in plaas van die beskawingsprogram; verkwisting van staatsgeld aan monumente, paleise en vertoon. Maarskalk is totaal ingeneem deur korrupsie en bedrog van die Keiser. Hy verryk homself ten koste van die volk – ook hy wanbestee geld en bestee geld op goue toilette … Diplomaat (onder leiding van die Groen Tier) steel goud en juwele.

- Groen Tier stel dit duidelik dat hy nie belangstel in die volk se regte na hulle bevry is van die Keiser nie – volgens hom wil ? volk nie vry wees of besittings hê nie.

**(10)**

- Kyk ook na ander insigte.

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

AFDELING C
**KONTEKSTUELE VRAE**

**VRAAG 9**
**PROSA**

***Kringe in ? bos* – Dalene Matthee**

9.1 Sukkelbestaan / hulle afhanklikheid van die houtkopers / hul nederigheid (1)

9.2 Dit dui aan dat hy in die rede geval word / Hy word deur MacDonald onderbreek. (1)

9.3 Dit dui aan dat MacDonald die woord ***mister*** uithef / beklemtoon
MacDonald wil beklemtoon dat hy die aanspreekvorm ***mister*** verkies;
nie ***oom*** nie. (1)

9.4 Dit beklemtoon / die uitheffing van MacDonald se negatiewe houding / ingesteldheid. (2)

9.5 9.5.1 Saul se ma en sy suster Sara (1)
9.5.2 Masels (die godsiekte) (1)

9.6 Hy (MacDonald) was beledigend en vermakerig / Hy het gesê dat hulle dwarslêers van ? swak gehalte was en dat hy genoeg dwarslêers het. (1)

9.7 9.7.1 ? Koopbewys / ? skuldbrief / krediet (1)
9.7.2 Die houtkopers (1)
Die houtkopers het die houtkappers gruwelik verneuk /
hulle skuld op die boeke het nooit verminder nie /
die houtkappers se afhanklikheid van die houtkopers is hierdeur verseker. (1)

9.8 9.8.1 Verrassing / verbasing / verstomming / verwondering (1)
9.8.2 Skaamte (1)

9.9 Hy het Engels gelykgestel aan mag / menswees / vooruitgang /
omdat die dorpsmense Engels gepraat het (1)

9.10 Sy is nie skaam / teruggetrokke nie (1)

9.11 Motivering bepaal punt
Nee – dis nie aanvaarbare gedrag nie – dit toon dat jy nie jou ouers respekteer nie
Ja – dis aanvaarbare gedrag – ouers is onredelik (2)

9.12 Saul leef tussen olifante / hy sien waarskynlik elke dag olifante
Sy leef in ? olifantryke omgewing (1)

9.13 Hulle wou nie mekaar se teenstrydige standpunte insien nie /
Hy en sy pa het moeilik met mekaar oor die weg gekom (1)

9.14 Albei was hardkoppig / eiewys (1)

9.15 Hy het nooit die bevrediging gevoel nie, want dit het nooit gebeur nie / sy pa is dood voor hy dit aan sy pa kon sê. (1)

9.16 Die besef dat sy pa verneem het na sy welstand / dat sy pa omgegee het. (2)

9.17 Die kontras tussen Saul en sy mense / familie /
Hulle / sy familie was flenterig en hy welgekleed (2)

9.18 Dit beklemtoon Saul se vasberadenheid (1)

9.19 Figuurlik (1)

9.20 Joram Barnard se sterfte (1)

9.21 Dis net soos met die eerste keer toe Saul vir Oupoot gesien het: ? krisis – toe sy ma dood is. (2)
**[30]**

## VRAAG 10

***By fakkellig* – Karel Schoeman**

10.1 Nee (1)

10.2 Gesels met Séamas Bán en Liam /
Lees boeke van die Franse filosowe /
Besoek die Ierse pagters (1)

10.3 Hy het sosiaal verkeer / hy leer dans / woon ? onthaal by / hy vergesel Alice op ritte deur die omgewing en raak bewus van die Ierse pagters. (1)

10.4 10.4.1 Séamás Bán / Liam (1)

10.4.1 Hy het bewus geraak van rewolusionêre idees / boeke
Sy simpatie begin al hoe meer by die Iere lê /
Hy voel nie meer lus om hom met sy eie groep te vereenselwig nie /
Hy het meer die Iere se geselskap gaan opsoek
Hy raak bewus van die Iere se armoede / ongeregtigheid / liefde / vrese
(Enige twee) (2)

10.4.2 David het sterk onder die indruk verkeer dat dit dade is wat tel /
Dat hy tot aksie moet oorgaan en iets moet doen /
Liam se dood laat David tot aksie oorgaan (2)

10.5 Somer staan in die teken van die lig / die aktiewe uitwaartse leef van David / van helderheid/ van feestelikheid / vreugde en samesyn / Groei / Die tot lewe kom van die rewolusie. (1)

10.6 Die uitroepteken (1)

10.7 Sy wou David oortuig dat Ierland liefgehê moet word. (1)

10.8 Hy is sinies (1)

10.9 10.9.1 Figuurlik (1)

10.9.2 Bastille dui op dit wat oorwin moet word. / Alice probeer David oorwin / van siening laat verander (1)

10.10 "toe lag sy weer" (1)
"sy glimlag vir hom" (1)

10.11 "die gras moet laat sny" / "die dooie takke" / "die roeiboot rot" (2)

10.12 Alice is positief / lewenslustig / optimisties (1)
David is negatief / pessimisties / swartgallig. (1)

10.13 Die opstandelinge / die Ierse pagters (1)

10.14 Hy is dood (1)

10.15 Hy moet ? voorstander wees vir die behoud van lewe; nie vir die vernietiging daarvan nie. (2)

10.16 Dit dui op die predikant se verbasing / Gewoonlik was David onbetrokke. (1)

10.17 Daar volg ? verduideliking na die dubbelpunt waarom David gou moet maak (1)

10.18 David steel die wapens omdat hy die opstandelinge wil help / met die doel om die opstandelinge te help / met die doel om betrokke te raak. (2)

10.19 Motivering bepaal die punt:
Nee: hy sou nie – dit sou vir hom karaktervreemd wees /
Ja: hy sou – hy was vasberade om tot aksie oor te gaan / Hy hét later op soldate geskiet. (2)
**[30]**

## VRAAG 11

***Fiela se kind* – Dalene Matthee**

11.1 Sy woedebui / hardhandige optrede / sy kru taalgebruik / sy harteloosheid / wreedheid / sy mishandeling van die swakkes. (1)

11.2 Haar leuens / leuenagtigheid (1)

11.3 Woede / frustrasie (1)

11.4 Die magistraat was Engels (1)

11.5 Hulle het ? gevoel van ongelukkigheid gebring. (2)

11.6 Dit dui daarop dat Elias nie vir Barta toelaat om haar sin te voltooi nie / sy word in die rede geval / sy word onderbreek (1)

11.7 Elias en Barta (dit moet albei wees). (1)

11.8 Sy het hom aan die arm beetgekry (1)

11.9 Motivering bepaal punt
Nee – dit word nie geregverdig nie – geweld, veral teenoor kinders kan nooit geregverdig word nie.
Ja – dit word geregverdig – Elias was bekommerd oor en vreesbevange vir die magistraat / hy het vermoed dat Nina iets te doen gehad het met Benjamin se wegloop. (2)

11.10 Elias het onder die indruk verkeer dat Benjamin sy seun "Lukas" is. (1)

11.11 Hy het ? verduideliking aan die magistraat oor Benjamin se wegraak gevrees. (1)

11.12 Die Komoetie-gesin – hulle kan skryf / kombuis is netjies / ordelik / lees saam Bybel / hou huisgodsdiens. Die Van Rooyen-gesin – hulle kan nie lees of skryf nie / huis onnet / geen huisgodsdiens. (2)

11.13 Beklemtoon Fiela se bekommernis /
Dit beklemtoon dat sy geen teëpratery duld nie /
Dit beklemtoon dat sy gespanne is. (Enige twee) (2)

11.14 Fiela is baie bekommerd oor Benjamin. (1)

11.15 Dit beklemtoon / bevestig sy identiteit. (1)

11.16 Hy het skuldig gevoel oor sy gevoel van liefde vir Nina sy "suster". (1)

11.17 Selling het begin kriewel. (1)

11.18 11.18.1 Dat Tollie in die tronk was. (1)
11.18.2 Fiela wou nie vir Benjamin meer rede tot kommer gee nie / Benjamin het genoeg bekommernis gehad. (1)

11.19 Haar bure – (die Laghaans) se grond wat sy gekoop het en nou besit. (1)

11.20 Dis ? eenwoordsin. (1)

11.21 Dis hier waar hy as jongman op Nina verlief geraak het. (2)

11.22 Sy is godsdienstig. (1)

11.23 Motivering bepaal die punt
Ja: Selling is die hoof van die gesin – Hy ís die man in die huis /…
Nee: Selling is nie die hoof van die gesin nie, Fiela is vanweë haar rol as besluitnemer / haar verantwoordelikhede / as steunpilaar vir haar gesin / haar beskermingsdrang. (2)
**[30]**

## VRAAG 12

***Toorberg* – Etienne van Heerden**

12.1 Die magistraat en Amy O'Leary. (2)

12.2 Sy sug. (1)

12.3 Koevert Moolman en Klein Kitty Riet. (2)

12.4 Na die dubbelpunt volg ? verduideliking in watter opsig hulle bloedfamilie is. (1)

12.5 Nee: Dis nie aanvaarbaar nie – dis sonde / onwettig / skadelik ten opsigte van genetiese aspekte. (2)

12.6 Tillie is Noag/Druppeltjie se moeder. (1)

12.7 Dit dui aan dat die spreker ? meer gepaste woord soek / gevind het. (1)

12.8 Sy staan op voor hy sy sin kan voltooi. (1)

12.9 Hy het selde water gevind / Dit was sy – Waterwyser – se dagtaak. (1)

12.10 Per ongeluk / verkeerdelik. (1)

12.11 Aanvanklik het hy Noag vermy / geïgnoreer / nooit op sy naam genoem nie. (1)
Nou is hy bekommerd oor sy veiligheid / welstand / hy noem hom op sy naam. (1)

12.12 Ella laat haar gesig in haar hande sak. (1)

12.13 Motivering bepaal punt.
Ja: daar was ? ander manier: hulle kon iemand in die boorgat laat afsak.
Nee: daar was nie ? ander manier nie / hulle moes hom so gou as moontlik uitkry. (2)

12.14 Beveel. (1)

12.15 Posmeester is ? Stief-Moolman / Hy gaan nie raad ontvang van ? Stief-Moolman nie. (1)

12.16 Daar is geen geluid nie / daar is geen antwoord nie. (1)

12.17 Spoke dwaal / StamAbel en ouma Magtilt is alreeds dood en nou dwaal hulle. (1)

12.18 Ella – die Moolmans (1)
Kaatjie – die Skaamfamilie (1)

12.19 Noag gaan sterf in die boorgat. (1)

12.20 Hy is ? antisosiale, aggressiewe en opstandige soort mens. (1)

12.21 Die stof. (1)

12.22 ? Oorvloed water / die persoon wat die reënboog die eerste keer gesien het / Sondvloed. (1)

12.23 Motivering bepaal die punt.
Ja: dit was ? ongeluk: hy het gespeel en daarin geval.
Nee: dit was nie ? ongeluk nie: Toorder / De la Rey se gees het hom daarheen gelok / Die magiese aantrekkingskrag van die water. (2)
**[30]**

## VRAAG 13
## PARAGRAAFTIPE VRAE

***Kringe in ? bos* – Dalene Matthee**

13.1 Die volgende hoofgedagtes is van belang:

q - Saul probeer die Bosmense lei om nie elke bygeloof / opvatting / waarheid as vanselfsprekend te aanvaar nie.

- Hy probeer ook die Bosmense (en houtkopers) bewaringsbewus maak, en die totale vernietiging van die bos en die uitroei van die olifante te keer.

- Saul wil hê dat die houtkappers gebruik moet maak van die geleentheid van goud in die bos.

- Saul wou sy eie armoede-probleem oplos.

q - Saul het nie veel sukses met die houtkappers – wat hardnekkig aan hul leefwyse klou behaal nie, tog behaal hy op persoonlike vlak baie sukses.

- Saul word deur die Bosmense as opstandeling beskou, en later as verraaier.

- Hy word verwerp deur sy mense, die Bosmense.

- Die dorpsmense beskou hom deurentyd as Bosmens / buitestander; en hy word selfs die biblioteek verbied.

- Dis slegs met Kate met wie hy ? goeie verhouding kan aanknoop.

- Al raak hy bevriend met van die delwers, bly hy alleen delf en steek sy skerm weg.

q - Daar is ? totale gebrek aan harmonie tussen die mens en die natuur in die verhaal.

- Die houtkappers mergel die bos uit, en die houtkopers mergel die houtkappers uit.

- Omdat die houtkappers ongeletterd is, word hulle gedwing om die bos te vernietig, en daarmee saam hul voortbestaan.

- Saul sien hoe die bosmense in uiterste armoede leef omdat hulle die bos en die diere (olifante) uitroei en dan steeds verkul word.

q - ? Harmoniese voortbestaan tussen die mens en die natuur is moontlik as die mense, veral die houtkappers en houtkopers bewaringsbewus raak.

- Hulle moet hou by die bewaringsmaatreëls wat ingestel word en nie slegs wins najaag nie.
- Kyk ook na ander insigte. **(15)**

13.2 Die volgende hoofgedagtes is van belang:

q - MacDonald is agterbaks en gemeen en put genot daaruit om die houtkappers voor hom te sien kruip.

- Hy bedrieg die houtkappers deur die gehalte van die hout te bevraagteken en rond te speel met die soort hout wat hy benodig.

- Hy betaal hulle net wat hy wil en verneuk hulle met die "goodfors", omdat hulle nie kan lees nie.

- Saul het egter gou MacDonald se leuens oor die pryse en gehalte van hout leer ken.

- Hy gebruik dit later in argumente teen die houtkopers en laat nie toe dat MacDonald-hulle hom bedrieg met die erwe en goudprys nie.

q - MacDonald sien neer op alle houtkappers, daarom keur hy Saul en Kate se verhouding ten sterkste af: ? houtkapper is nie goed genoeg vir sy dogter nie.

- MacDonald belet vir Saul om kontak te hê met Kate.

- Saul gee toe aan MacDonald se eis om Kate nie weer te sien nie, anders weier hy (MacDonald) om Jozef se hout te koop.

- Saul se vriendskap met Kate maak hom vertroud met die Engelse taal. Dit stel hom in staat om onder die indruk te kom van MacDonald se bedrog teenoor die houtkappers.

- Ten slotte is daar rede om te glo dat hul verhouding kon slaag, want Kate sê dat sy nie meer omgee of haar pa hoor van die hoekerf of nie.

q - Volgens Saul behoort die goud aan die bosmense. In goud sien Saul ? uitkoms vir hom en die Bosmense.

- MacDonald, daarenteen, bring buitelandse prospekteerders en masjinerie om self die goud te delf.

- Hy verloor baie geld (deur die ontginning van die rifgoud), terwyl Saul baie geld maak.

- Hy probeer ook sewe waardelose erwe aan Saul verkoop. As hy nie slaag nie, word hy briesend kwaad en dreig weer vir Saul.

q - Die kernoorsaak van hierdie botsings is die klasseverskil / en MacDonald se meerwaardigheidsgevoel teenoor die Bosmense.

- Mense se vooroordele verander nie oornag nie, en MacDonald het baie mag/invloed op die dorp.

- Kyk ook na ander insigte.

**(15)**
**[30]**

## VRAAG 14

***By fakkellig* – Karel Schoeman**

Die volgende hoofgedagtes is belangrik:

14.1 - Hul armoede ken geen perke nie: modderpaaie lei na vervalle huisies /
q gehuggies met kinders en kaalvoetvrouens.

- Hulle leef in krotjies – ontelbare strooidakhuisies waarin baie mense woon.

- Die vroue het slordige hare, sjaals oor hul koppe en vuil kinders.

- Die meeste van hulle leef as bedelaars en hul ellende ken geen einde nie.

- Tydens die middagnagmis, kom hulle kaalvoet en in verslete klere. Mense met gebarste hande en skouer-blaaie wat uitsteek deur ? geskeurde hemp.

q - Die grondeienaars word uitgebeeld as invloedryke rykaards wat in die gemak van hul hoë ommuurde landgoed hul tyd verwyl met leë gesprekke, bals, jaggeselskappe en whiskey drink, terwyl die Ierse boerevolk krepeer van ellende.

q - Die Iere het geen regte nie.
Geen skole of universiteite wat vir hul oopstaan nie.
Geen reg op mediese sorg nie.
Geen reg op grondbesit nie.
Geen reg op regverdigheid voor die gereg nie.
Hul taal word verag.
Hul godsdiens is amptelik verbode.

q - Die Iere soek seggenskap in die bestuur en die wette waaronder hulle moet leef.

- Hul vra vir politieke regte, en om met menswaardigheid behandel te word.
- Hul vra vir stemreg en grondbesit.

q - Volgens die Engelse grondbesitters beklee die boerevolk ? laer stand in die samelewing.

- Hulle is goed om tafels te dek ens.

- Ds. Burnwood is van mening dat die boerevolk goeie geselskap kan wees, maar hulle is nie grondbesitters nie.

q - Ja: Hulle het iets bereik.
  - Die regering het bewus geraak van hul griewe.

  OF

  Nee: Hulle het niks bereik nie.
  - Die opstand is verpletter. **(15)**

14.2 - David is onwillig om met sy eie mense – die Engelse grondbesitters – te kommunikeer. Om kontak met hulle te vermy, trek hy hom terug na die stilte van die biblioteek of hy dwaal alleen op die landgoed. Hy deel nie in hul leë gesprekke, bals, jaggeselskappe en whisky-drinkpartytjies nie.

- Deur Liam word David bekendgestel aan die Iere se saak. Hy maak van naderby kennis met die armoede en ellende van die Iere.
  Séamás Bán stel David bekend aan die opstandsgedagte deur middel van rewolusionêre boeke aan hom te leen.
  Liam maak David bewus van die gevolge van sy vriendskap met die Iere; hy sal gebrandmerk word.
  Séamas Bán glo dat David se plig by die Iere lê.

- David se vriendskapskring brei uit en sluit ook die priester, die weduwee en haar dogters in.
  Hy begin tóé besef dat hy nooit die boerevolk leer ken het nie. Sy siening van hulle verander, sy simpatie begin meer by die Iere te lê, en hy voel nie om hom met die grondbesitters te vereenselwig nie.

- Vader O Floinn (en Liam se dood) dwing David tot daadwerklike aksie. Die laaste beswaar wat David nog gehad het teen ? deelname aan die opstande, naamlik dat dit teen sy eie mense sou wees, word deur die priester afgemaak. **(15)**

**[30]**

## VRAAG 15

***Fiela se kind* – Dalene Matthee**

15.1 Die volgende hoofgedagtes is van belang:

q - Op Wolwekraal in die Lange Kloof, is daar min reën en die plantegroei is nie welig nie. Fiela bedryf hier ? boerdery met twee volstruise, ? paar skape en bokke, asook gesaaides.

- Die Bos is anders: die welige plantegroei, die natheid en die voëlgeluide.

q - Elias is ? lui persoon wat allerhande planne maak om geld te bekom sonder harde werk.

- Hy is vuil en onnet en het ? bombastiese manier van praat en tree hardhandig teenoor sy kinders op.

- Aan Benjamin het hy aanvanklik nie veel erg nie – hy is bloot iemand wat vir hom werk.

- Selling daarenteen is lief vir Benjamin en behandel hom met liefde en deernis.

- Hy is stil en ondersteunend; en het sy takies (velle brei, karwatse maak) wat hy verrig op die plaas.

q - Fiela is hardwerkend, besonders netjies, ? goeie besluitnemer en ? steunpilaar.

- Sy is lief en beskermend teenoor haar kinders; is godsdienstig en toon ? sterk sin vir wat reg en verkeerd is.

- Anders as Fiela, is Barta afgesloof.
  Sy kon nie selfstandig vir haar sorg nie.
  Sy is vreesbevange.
  Sy is nie baie hardwerkend nie. Haar huis is vuil en onversorgd.
  Sy is nie beskermend teenoor haar kinders nie.

q - Aanvanklik is Nina ? toonbeeld van verwaarlosing en onversorgdheid; én sy kan nie lees of skryf nie.
  Sy is lief vir die Bos en sy diere, en sy is gedurig in konflik met Elias.
  Sy ontwikkel ? spesiale verhouding met Benjamin / Lukas.

- Kittie of Emma is goed versorg.

- Hulle kan lees en skryf.

- Hulle is deel van ? goeie familie en lief vir die plaaslewe.

q - Negatiewe effek van kontraswerkinge.

- Benjamin se onsekerheid oor sy identiteit kom sterk na vore deur middel van die kontraswerkinge.

- Eers word hy uit sy beskermde en vertroude wêreld op Wolwekraal geruk en na Knysna geneem waar hy in totaal vreemde omstandighede moet leef, en waar hy ook mishandel word.

**OF**

- Kontraswerking ook positief.

- Hy leer twee verskillende wêrelde ken: Wolwekraal en Fiela, waar hy leer lees en skryf; hy leer liefde en respek en hy leer ook God ken.

- In die Bos word die wêreld van die olifant en die houtkapper aan hom openbaar. **(20)**

15.2 Die volgende hoofgedagtes is van belang:

q - Kaliel weet wie hy is en waarheen hy wil.

- Hy was ? seeman wat gewag het op ? skip waarmee hy kon uitvaar, maar as gevolg van die bygelowe van die seemanne, ontwyk die geleentheid hom. Die seemanne sê jy het die bose oog in jou as jou oë skeel sit in jou kop: Kaliel was skeel, daarom gooi hulle hom elke keer oorboord.

- Kaliel het vir Benjamin / Lukas huisvesting gebied.

- Al was sy huis vervalle, was daar tog orde en dissipline in sy lewe te bespeur.

- Kaliel leer Lukas van die wêreld. Hy leer Lukas visvang, bosbokstrikke stel, oesters uithaal, smous …

- John Benn was die loods wat elke skip veilig in die hawe moet kry.

- John Benn sien die onrus in Benjamin/Lukas en vra hom uit daaroor.

- Hy het hom aangemoedig om sy probleem te konfronteer sodat hy vrede kon vind.

- Heimlik was hy bewus van die innerlike konflik wat Benjamin/Lukas ervaar het en is gelukkig toe Benjamin homself "gevind" het.

q - In Nina se geselskap vind Benjamin troos en van kleins af het daar ? spesiale band tussen hulle ontwikkel.

- Sy het hom laat besef dat hy nie Lukas van Rooyen kan wees nie.

- Benjamin keer terug na Lange Kloof want Fiela het hom altyd versorg en sy hart is by hulle in die Lange Kloof.

- Kyk ook na ander insigte. **(10)**
**[30]**

**VRAAG 16**

## *Toorberg* – Etienne van Heerden

Die volgende hoofgedagtes is van belang :

16.1 - Floors Moolman het ? ongeoorloofde verhouding oor die kleurgrens heen met ouma Kitty Riet aangeknoop.
As gevolg van dié sonde, is hy afgesny van die Moolmanfamilie en sy nageslag bly op die stiefgrond waar die trotse Moolmans weier om erkenning te gee aan dié nakomelinge.

q - Posmeester Moolman tree met ? Katolieke meisie in die huwelik. Hy word as gevolg hiervan verwerp en word verstoot tot op die rand van Toorberg. Volgens OuAbel is Katolieke onsuiwer en seuns wat uit daardie stam kom, kan nie Moolmans wees nie.

q - De la Rey was OuAbel se lieflingskind en sou Toorberg erf, want hy was die oudste. Almal het aanvaar dat hy eers sou gaan leer, maar later terugkeer om op Toorberg te boer. Hy het egter nooit weer teruggekeer nie. (Moontlik homoseksueel).
OuAbel het toe in die geheim die volle titel en alleeneienaarskap van Toorberg aan Abel toegeken.

q - KênsTillie was verwagtend: Waterwyser was die vader. Abel het hom as gevolg hiervan nooit weer aan Tillie gesteur nie. Hy het net seker gemaak dat die kind nie ? Moolmannaam moes kry nie.
Sy gee geboorte aan Noag – ? verstandelik vertraagde kind.

q - Simpatie met Floors:
StamAbel het geglo aan rasseskeiding /…

OF

- Simpatie met Posmeester:
OuAbel het ? verkeerde opvatting oor die Katolieke kerk.

OF

- Simpatie met De La Rey:
Hy sou nooit kan boer as gevolg daarvan dat hy nooit koudbloedigheid / bloed / vleis / slagtery kon verduur nie.

OF

- Simpatie met KênsTillie:
  Sy sou nooit ? normale lewe kon lei nie.
  Kyk ook na ander insigte. **(15)**

16.2
- StamAbel het die Oog (die fontein) hoog bo in Toorberg ontdek.
  HansBoesman het vir StamAbel gelei tot waar die soet helder water uit die sewe klipgleuwe van die fontein spu.
  Daar het StamAbel kamp gemaak en sy plaas beplan.

- OuAbel het swaar gedra aan die roeping van StamAbel dat die plaas nooit moet opdroog nie, omdat sulke soet water direk van die Here kom. Van jongs af moes by bid vir reën en moes hy die opdroog van die oog aanskou.
  OuAbel bet ’n akwaduk met sy eie kaal hande gebou toe die oog begin opdroog het.
  Hy het die oog se water in die vleidam gelei en die toevoer het die dam altyd volgehou.

- Tydens Abel se tyd het die oog opgedroog.
  Daar was net een lopende spruitjie en die bietjie syferwater was modderig.
  Abel bet ’n geoloog uit die grootstad gekry om watertafels te kom identifiseer, maar dit was tevergeefs.
  Waterwyser het ook gesoek na water, maar met geen sukses nie.
  Abel het toe ’n boormajien ingespan om water op Toorberg te vind, maar die masjien het net droë gate geboor.

- Hulle kon water uit die staatsdam kry, maar hulle wou hul eie water hê, Toorbergwater.

- Druppeltjie se dood hou verband met die Moolman se soeke na water.
  Hy sterf omdat hy op een of ander wyse in ’n oop boorgat beland het.

**(15)**

**[30]**

**TOTAAL: 100**

Assesseringsinstrument (Rubriek)

| Norm | Letterkunde: Paragraaftipe Vraag: 20/15/10 | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Vlak 4 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| 1. | Beplanning, paragrafering, inleiding en afsluiting. | Goed beplan, inleiding gee struktuur en slot vat logies saam. | Nog goed gestruktureer, maar nie heeltemal so heg nie. | Neig om onsamehangend te raak. | Skryfstuk is nié ? goeie geheel nie. |
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| 2. | Sinsbou, spelling, leestekens en woordgebruik. | Logiese sinne, min spelfoute, verskeie leestekens effektief gebruik, goeie woordgebruik. | Sinne, woordkeuses, spelling en leestekens is só dat die paragraaf maklik lees. | Sinne is lomp en moeilik verstaan-baar, spelfoute algemeen, lees-tekens en woord-gebruik beperk. | Taalfoute is té algemeen om ? redelike punt te verdien. |
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| 3. | Duidelike hoofgedagtes. Uitvoering van spesifieke opdrag. | Hoofpunte is goed gedefinieer en sluit direk aan by gegewe opdrag. | Hoofpunte word onderskei, maar is effens vaag en sluit nié so direk by opdrag aan nie. | Opdrag en skryfstuk sluit nie. Meer ? geklets as wetenskaplike aanbieding. | Geen inhoudelike struktuur nie. |
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| 4. | Ondersteunende bewyse. | Skryfstuk toon goeie insig in begrippe en die korrekte bewyse uit die teks word gebruik vir stellings. | Steeds insig en grootliks toepaslike bewyse vir stellings. | Opdrag word inhoudelik nie duidelik verstaan nie en bewyse is effens lukraak. | Gebrek aan enige insig en bewyse met substansie. |
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| 5. | Kennis van die literêre werk. | Skryfstuk toon dat die teks gelees is en as geheel verstaan word. | Teks is duidelik gelees en die werk word verstaan, maar nié so volledig soos by Norm 4 nie. | Inhoudelike foute en oorsigtelikhede toon ? gebrek aan leeskennis en begrip van die teks. | Die werk is nié gelees nie en word glad nie verstaan nie. |